

10 Augustus Openbaring 5 en Dordtse Leerreëls 2:1 en 2

(Teks: Dordtse Leerreëls 2:1 en 2)

Geen versoening met God sonder voldoening nie

Wat 'n bevryding en vertroosting vir die apostel Johannes om te kon sien - daar staan die Lam en om te kon hoor: "omdat U geslag is en met U bloed mense vir God losgekoop het..."

Self kan ons ons nie loskoop van die straf van God nie, want ons is sondaars. Ons hét nie net sonde nie, ons is met ons hele wese sonde voor God. As ons net sonde het, kan ons dit afwas of selfs uitsny, maar nou is ons van nature dood in die sonde en ons skuld moet betaal word. Par. 1: God eis dat aan sy geregtigheid voldoen moet word voordat ons aan ons verdiende straf (tydelike en ewig) kan ontkom. God is immers regverdig.

Maar omdat God ons tog ook wonderbaarlik liefhet, "daarom het Hy uit oneindige barmhartigheid sy eniggebore Seun as Borg aan ons gegee. Die Seun het vir ons, of in ons plek sonde en vervloeking aan die kruis geword om vir ons te voldoen" (par. 2)

Wil u nie maar u geworstel om vir God aanvaarbaar te wees los nie? Wil u nie maar eenvoudig in die geloof aanvaar wat God kragtens sy verbond so duidelik in sy Woord vir u sê nie? Jesus Christus het alles vir u betaal.

Al u hope skuld en die ewige straf wat u verdien het, kyk, dis alles weg. Jesus het u met God versoen deur in u plek te voldoen aan die verskriklike eis van God. Alleen so vind u rus by u hemelse Vader.

Sing Skrifberyming 8:1

Ds. J. Venter (Brakpan)